

Die oop boekie: Soet in die mond, bitter in die maag (OP1)

Op 10:1-11

19 Julie 2020

Laasweek het ons na trompette 5 en 6 gekyk. Daar het ons gesien hoe die Satan uit die hemel gegooi is en hoe hy die bese geeste uit die onderaardse dieptes gebruik om die ongeseeëdes eers te pynig sodanig dat hulle hulle lus vir die lewe verloor, en daarna toegelaat word om 'n derde van die mensdom dood te maak. 'n Mens sou verwag dat ons vervolgens sou lees van die blaas van die 7de trompet. Maar soos die geval was met die oopmaak van die seëls waar daar 'n onderbreking was tussen die 6de en 7de seëls, is dit hier ook die geval. Daar was die onderbreking die beskrywing van die 144 000 en die groot menigte in die hemel (Op 7), terwyl dit hier met die blaas van die trompette die visioene oor die klein boekie (Op 10) en die twee getuies (Op 11) is. Dit is eers in die laaste deel van Op 11 dat die 7de trompet beskryf word. Vandag kyk ons net na die visioen oor die klein boekie.

Kom ons som die visioen op: Johannes sien 'n sterk engel wat uit die hemel afkom (vers 1). In Sy regterhand hou Hy 'n oop boekie (vers 2). Hierdie engel roep dan met 'n harde stem soos 'n leeu wat brul, en die gevolg is dat 7 donderslae antwoord (vers 3). Johannes word egter verbied om neer te skryf wat die donderslae kommunikeer (vers 4). Daarna lê hierdie engel 'n eed af by God – die inhoud van die eed is dat daar nie meer tyd oor is tot die 7de engel op sy trompet gaan blaas en God Sy verborge doel gaan bereik nie (verse 5-7). In verse 8-11 word beskryf hoe Johannes hierdie boekie uit die Engel se hand neem en dit eet. In sy mond is die boekie soet, maar dit maak sy maag bitter. Daarna ontvang Johannes die opdrag om God se boodskap weer te gaan verkondig.

Ek wil die visioen onder die volgende 4 hoofde bespreek:

- Wie is die Engel uit die hemel?
- Wat is die betekenis van die 7 donderslae?
- Wat is die betekenis van die eed wat die Engel aflê?
- Wat is die betekenis van die boekie in die Engel se hand?

Wie is die Engel uit die hemel?

As mens begin lees oor hierdie visioen, vind jy vinnig dat daar twee opvattinge is oor wie die Engel is. Sommiges redeneer dit is 'n engel – en dan 'n baie unieke engel in die sin dat die engel baie nou verwant moet wees aan Jesus. Ander redeneer die engel is Jesus self. Kom ons kyk na die beskrywing van die Engel en kyk of dit duidelik word wie die Engel is:

- Vers 1 beskryf die Engel as sterk. In Op 5:2 het ons ook van 'n sterk engel gelees. Duidelik was daardie engel nie Jesus nie, daardie engel het net gevra wie sou waardig wees om die geseëde boekrol oop te maak. Aan die ander kant moet ons ook raaksien dat Jesus in Op 5:6 beskryf word as die Een met 7 horings en 7 oë, wat tog sekerlik op sy krag moet dui. Dink aan Dan 7 wat juis beskryf dat aan die Seun van die mens al die heerskappy, eer en koningskap gegee is. Hy is dus werklik sterk.
- Vers 1 leer ook dat Hy uit die hemel afgekom het. Dit sou waar kon wees van 'n engel, daar is immers baie engele om God se troon. Maar in Op 5:6 lees ons dat Jesus in die middel van die troon is – en dus natuurlik ook in die hemel.
- Vers 1 voeg by Hy was bekleed met 'n wolk (OAV). Volgens Dan 7:13 gaan die Seun van die Mens juis die Een wat ewig lewe (the Ancient of days) tegemoet op 'n wolk. In Op 14:14 word die Seun van die Mens ook juis gesien waar Hy op 'n wolk sit. God of Jesus word dikwels in die Bybel geassosieer met 'n wolk.
- Ons lees ook in vers 1 dat daar 'n reënboog bokant Sy kop is. In Op 4:3 het ons ook gelees dat daar 'n reënboog om God se troon was. Eseg 1:26-28 bevestig ook hierdie assosiasie van

‘n wolk en ‘n reënboog met God se troon – wat dus weereens die gedagte versterk dat die Engel eerder na Jesus verwys.

- Vers 1 leer ook dat Hy ‘n gesig soos die son het. Maar in Op 1:16 word die voorkoms van die Seun van die Mens beskryf soos die son wat op sy helderste skyn.
- Boonop het hierdie Engel bene soos vuurpilare – en in Op 1:15 lees ons dat die voete van die Seun van die Mens gloei soos geelkoper in ‘n smeltoond.
- Volgens vers 2 staan Hy met sy regtervoet op die see en met Sy linkervoet op die land. Dit moet tog sekerlik simboliseer dat Hy heerskappy oor die see en die land uitoefen – wat juis waar is van die Seun van die Mens. Maar onthou ook wat later in Openbaring gebeur. Op 12:18 beskryf die duiwel (draak) as die een wat op die seestrand staan, en in Op 13 lees ons van die dier uit die see en die dier uit die aarde. Soos wat ons daar sal sien is hulle juis napers van Jesus en die Heilige Gees.
- Vers 3 beskryf dat die Engel met ‘n harde stem uitgeroep het soos ‘n leeu wat brul. In Op 5:5 word die Lam beskryf as die Leeu uit die stam van Juda.

Ek is oortuig bogenoemde verwysings gee vir ons genoeg redes om te aanvaar die Engel is Jesus. Argumente wat aangevoer word hoekom dit nie Jesus is nie, maar bloot ‘n engel, sluit in:

- Dit sou die enigste plek in Openbaring wees waar Jesus as ‘n engel beskryf word. Ek neem kennis, maar dit beteken nie noodwendig dit kan nie hier die geval wees nie.
- Daar word geredeneer dat dit onwaarskynlik is dat Jesus ‘n eed sal aflê soos wat ons lees hierdie engel doen. Ek verstaan nie die redenasie mooi nie: God self lê dan ‘n eed af – dink maar aan die eed wat Hy teenoor Abraham afgelê het. Lees Gen 22:15-16. Trouens, hier word die Engel van die Here beskryf as die Here self – wat ‘n groot vraagteken plaas agter die argument hierbo.
- Daar word geredeneer hier is geen aanduiding dat hierdie engel aanbid word, soos wat ons in vorige visioene sien wel gebeur met Jesus nie. Weereens, dink ek nie dit is genoeg gronde om te redeneer dit is net ‘n engel nie.

Ek is dus oortuig die Engel is Jesus self.

Wat is die betekenis van die 7 donderslae?

Ons lees in verse 3-4 dat Jesus met ‘n harde stem soos ‘n leeu wat brul, uitgeroep het. Dit is nie duidelik wat Jesus geroep het nie. Die gevolg was egter dat daar 7 donderslae geantwoord het. Oënskynlik het Johannes verstaan wat hierdie donderslae gesê het, want hy wou die betekenis daarvan neerskryf. Hy word egter gekeer deur ‘n stem uit die hemel: “Hou geheime wat die sewe donderslae gesê het; moet dit nie opskrywe nie.”

Die vraag is nou: wat is dit wat die donderslae gesê het? En die antwoord is eenvoudig: ons weet nie. Maar, soos wat die mensdom nou maar is, beteken dit ons wil nou juis weet. Ter versagting, moet ons darem ook byvoeg God het dit laat opteken dat daar hierdie donderslae was. Ons mag/moet daarom besin oor wat God met die opskryf hiervan wil kommunikeer. Voorstelle wat al gemaak is, sluit in:

- Dit verwys na sekere dinge, moontlik juis toekomstige dinge, wat God nie openbaar gemaak het nie. Dink hier aan wat ons lees in Deut 29:29: “Wat nie geopenbaar is nie, is bekend aan die Here ons God, maar wat geopenbaar is, is vir altyd bekend aan ons en ons nageslag: ons moet lewe volgens al die woorde van hierdie wet”. Dit is doodeenvoudig so dat God nie alles aan die mensdom geopenbaar het nie.
- Daar is ‘n ander voorbeeld waar God aan Paulus ook iets gekommunikeer het, wat hy nie verder bekend mog maak nie – lees 2 Kor 12:2-4. Paulus vertel dat hy weggeruk is tot in die derde hemel, oftewel paradys. Daar het hy woorde gehoor wat mens “nie kan of mag uitspreek nie”. Duidelik het God Paulus hierdeur bemoedig vir die spesiale taak wat hy moes verrig. Is dit ook die geval hier met Johannes? Ons sal netnou sien hy het o.a. ‘n bitter boodskap om te verkondig.

- Daar is al geredeneer dat dit dalk beteken dat God sy oordele tydelik terughou, sodat meer tot bekering kan kom. Of andersyds dat die 7 donderslae 'n addisionele stel oordele is bykomend tot die 7 seëls, 7 trompette en 7 bakke.

Wel, die punt is ons weet nie presies nie. Daar is natuurlik baie dinge wat ons nie weet nie – dink aan: hoe het God besluit wie is deel van die geseëldes of ongeseëldes, wanneer gaan die 7de trompet blaas, presies wat sal ons wees wanneer Jesus kom? Wat ons wel weet, is dat donderslae tipies gekoppel word aan God se oordeel. Dink maar aan die beskrywing van die finale oordeelsdag as “daar het dreunings, donderslae en weerligte en aardbewing” gekom. Ons moet dus aanvaar dat daar sekere aspekte van God se oordele is wat nie aan ons bekend gemaak is nie. Dit is waarskynlik hoe ver ons kan gaan.

Wat is die betekenis van die eed wat die Engel aflê?

In verse 5-7 lees ons nou van 'n eed wat Jesus aflê. Wanneer Hy hierdie eed aflê, lig Hy Sy regterhand na die hemel toe op (voorbeeld van hande wat opgelig word tydens eedswering word op verskeie plekke in die Bybel gevind: Dan 12:7, Deut 32:40, Gen 14:22). Hy lê hierdie eed af by die Een wat ewig lewe – dink hier aan Dan 7 waar die Seun van die Mens op 'n wolk na die Een wat ewig lewe (= Oue van dae, Ancient of Days) gaan – dit is natuurlik by God self. Verder word die Een beskryf as die Skepper van die hemel, die land en die see, en alles wat daarin is. Duidelik word hierdie eed afgelê by die ewige en absoluut soewereine God – wat noodwendig onderstreep hierdie eed staan vas en kan absoluut geglo word.

Wat is die inhoud van die eed? Daar is geen meer tyd oor nie – as die 7de engel op sy trompet gaan blaas nie, bereik God Sy einddoel. Daar is dus twee belangrike aspekte:

- **Daar is geen tyd meer oor nie:** Die OAV laat die indruk laat die indruk dat daar nie meer iets soos tyd gaan wees wanneer die 7de engel gaan blaas nie, m.a.w. in die hiernamaals. Onafhanklik van of dit waar is of nie, is dit nie wat hier bedoel word nie (OAV volg die KJV, NIV en ESV en al die kommentare lees dit soos die NAV). Die inhoud van die eed is dat die blaas van die 7de trompet op hande is. Dit is in lyn met wat ons gelees het met die oopmaak van die vyfde seël toe daar vir die gelowiges wat gesterf het, gesê is hulle moet klein rukkies wag tot al hulle medegelowiges ook daar is, dan kom die finale oordeel (Op 6:11) – wat ook gebeur as die 7de trompet blaas. Ons hoef nie noodwendig te verstaan dat dit binne minute, dae, of selfs paar jaar sal wees nie, maar eerder dat alles wat moet gebeur om dit moontlik te maak, het reeds gebeur – die enigste uitstaande aspek voor die wederkoms is dat al die geseëldes moet inkom.
- **Dan gaan God Sy verborge bedoeling met alles bereik, soos Hy dit aan die profete bekend gemaak het:** Die vraag is wat is hierdie verborge bedoeling wat God dan gaan bereik? Anders gestel, wat is hierdie geheimenis wat God dan gaan bereik:
 - Dan 2:28-30 – die dinge van die toekomst word beskryf as 'n geheimenis, wat God kan besluit of Hy dit wil bekend maak, en ook aan wie Hy dit wil bekend maak. In hierdie geval het Hy Nebukadneser iets daarvan laat sien
 - Dan 12:4-7 – Hier is ook sprake van dinge wat tot die eindtyd geheim en verseël is, Hier word ook 'n eed afgelê dit sal geheim wees tot die gewyde volk se mag vernietig is. Ons sal volgende week meer hiervan sien in die volgende visioen.
 - Rom 16:25-26 – Hier word gepraat van die geheimenis wat vir eeue lank geheime gebly het, maar nou is dit geopenbaar. Boonop is dit gebaseer op wat die profete geskryf het, soos wat ons hier in Op 10 lees. Wat is hierdie geheimenis? Vers 25 sê dit is die evangelie, en vers 26 sê dit is aangaande die feit dat alle nasies in Jesus kan glo en aan Hom gehoorsaam kan wees.
 - Ef 3:3-6 – Paulus sê die geheimenis is dit: dat selfs nie-Jode deur die verkondiging van die evangelie ook deel kry aan wat God belowe het.
 - Kol 2:2 maak dit pertinent duidelik dat Jesus die geheimenis is.

Sien jy die punt? Jesus belowe met 'n eed voor God: As die 7de engel op sy trompet gaan blaas, bereik God Sy verborge bedoeling met alles. En daardie bedoeling is dat alle nasies deur geloof in Jesus Christus deel kan kry aan al God se beloftes. Maar let ook op die dringendheid – dit moet gebeur voor die 7de engel op sy trompet blaas – en dit is net 'n klein rukkie weg!

Wat is die betekenis van die boekie in die Engel se hand?

In verse 8-11 lees ons dat Johannes die opdrag kry om die oop boekie uit die hand van die Engel, Jesus, te neem en dit dan te eet. Daar is baie geskryf oor hoekom hier gewoonlik van 'n "boekie" gepraat word, eerder as 'n "boek". Baie kommentatore kom by die slotsom daar is nie betekenis in nie, want in vers 8 word dit 'n "oop boek" genoem. Ek verskil egter hiervan. Ek is oortuig daar is betekenis in die feit dat dit 'n boekie is, en ook dat dit oop is. Dit is gekoppel aan die feit dat die Engel Jesus is.

Onthou wat gebeur in Op 5: In God se hand is 'n boekrol wat met 7 seëls geseël is. Jesus is dan juis die enigste Wese wat waardig is om hierdie boekrol oop te maak. Wat is die inhoud van hierdie boekrol? Dit is die dinge wat ons sedertdien gelees het: Geseëlde wat bewaar sal bly en 'n waarborg het op 'n glorieryke toekoms. Hulle word juis deur die Lam en die Heilige Gees geregverdig en geheilig, konings en priesters gemaak. Daarteenoor is daar die ongelowiges wat reeds deel van God se oordele beleef, en wat dringend gewaarsku word om hulle te bekeer. In 'n sekere sin kan ons sê dit is in ooreenstemming met die verborge bedoeling waarvan ons sopas gelees het, wat afgehandel sal wees met die 7de trompet.

Nou, Jesus het hierdie boekrol uit die Vader se hand gaan neem, en dit oopgemaak. Daarteenoor moet Johannes 'n oop boekie uit die hand van Jesus gaan neem. Hoekom is hierdie 'n boekie, teenoor Jesus wat die boekrol moes gaan neem? Want sien, daar is sekere dinge wat in die boekrol staan (dit is volledig) wat nie in die boekie staan nie – byvoorbeeld die inhoud van die sewe donderslae. Hoekom is die boekie oop? Want Jesus het reeds die sewe seëls van die groot boekrol oopgemaak, en die boekie bevat 'n gedeelte van daardie boekrol se inhoud! Ons het tog in Rom 6 en Ef 3 sopas gelees die geheimenis is geopenbaar – deur Jesus wat waardig is om die boekrol oop te maak.

Alhoewel nie alles in die boekie geskryf is nie, is wel alles wat Johannes nodig het om sy opdrag uit te voer om God se boodskap aan baie volke, nasies, tale en konings te gaan verkondig, daarin opgeneem. Ek glo ons kan sê die boekie is die Bybel, insluitende die boek Openbaring. Die Bybel bevat nie alle kennis nie, maar wel alle kennis oor God se boodskap wat nodig is vir die mensdom om te weet en wat verkondig moet word.

Johannes moet die boekie eet, d.w.s. hy moet dit verteer, soveel so dat dit deel van sy gestel word. Sy ervaring sal wees dat dit soet soos heuning in sy mond sal wees. Esegjël het 'n soortgelyke ervaring gehad (Eseg 2:8-3:3). Daar is baie inhoud in die Bybel en in Openbaring wat aangenaam is om te leer: gelowiges is geseëlde, hulle word in Christus geregverdig, hulle word deur die Heilige Gees geheilig, hulle het die versekering van toekomstige volmaakte heerlikheid vir ewig. Maar daar is ook baie inhoud wat bitter is – iets wat Jeremia ervaar het (Jer 15:15-18): dink maar net aan al die oordele waarvan ons so baie gepraat het met die oopmaak van die seëls en die blaas van die trompette. Johannes moet dit alles verteer en sy eie maak – en dan moet hy die baie nasies daarmee gaan konfronteer.

Hoekom word hierdie visioen oor die klein boekie, tesame met die een oor die twee getuies, ingevoeg tussen die 6de en die 7de trompette? Onthou, die blaas van die trompette fokus primêr op die ongelowiges. Die gelowiges kan dit alles lees en sê: wat het dit met ons te doen? Die antwoord

is: Baie! Uit hulle kennis van die klein boekie, moet hulle sin maak van die gebeure rondom hulle. Hulle moet die dringendheid verstaan, siende dat die einde op hande is. Hulle moet die wêreld gaan konfronteer.

Toepassing

- Ons lees in vers 7 dat God sy doel met alles sal bereik wanneer die 7de engel op sy trompet gaan blaas. Daar is sekere interpretasies van Openbaring wat die gebeure chronologies will beskryf, m.a.w. Op 12-22 gebeur na die 7de trompet. Vers 7 plaas 'n vraagteken agter hierdie wyse van interpretasie.
- Ons het 'n eed van Jesus self: die 7de trompet en die voltooiing van God se bedoeling met die skepping, insluitende die mensdom, is op hande. Die enigste uitstaande aspek is dat al die medegelowiges nog nie ingekom het nie – en dis maar 'n klein rukkie weg. Ons weet nie of die 7de trompet hierdie week of eers oor 'n paar eeue gaan blaas nie. Maar bykans alles is gereed. Al die groot ontwikkelings i.v.m. God se verlossingsplan is afgehandel. Uitverkiesing is klaar. Skepping is klaar. Sondeval is klaar. Oprig van God se verbonde is klaar. Selfs die Nuwe Verbond is in plek. Jesus het gekom. Hy het geregtigheid bewerk. Jesus is in 'n posisie van volle gesag. Die Heilige Gees het gekom. Die kerk is gevestig. Die Bybel is afgehandel en opgeskryf. Baie gelowiges is alreeds in die hemel. Nou nog net die res – dan blaas die 7de trompet. Soos Johannes, het ons ook die verantwoordelikheid om te gaan verkondig. Ons sal volgende week sien dat dit waar is. Dis ernstig en dringend!
- Soos Johannes moet ons hierdie boekie, dis die Bybel, eet. Ons moet dit verteer. Dit moet deel van ons wese word. Dit is meer as lees. Dit is meer as na preke luister. Dit is om te lees, en te lees, en te lees, te studeer en te studeer en weer te studeer – tot jy dit snap. Natuurlik moet die Heilige Gees ons hierin help. Maar die Heilige Gees werk deurdat my neus in die Bybel is. Dit beteken ek hou aan tot ek daardie soet smaak in my mond kry omdat ek verstaan hoe heerlijk God se verlossing uit genade deur geloof in Jesus is, tot ek verstaan ek word geregverdig deur Jesus se werk, ek word geheilig deur die Heilige Gees se werk, en ek is verseker van absolute heerlijkheid in die toekoms. En dan gaan ek nog verder – ek hou aan studeer tot dit my maag bitter maak, tot ek verstaan God is heilig, en daarom gaan Hy oordeel, en daardie oordeel is op hande, en daardie oordeel is finaal, tot ek verstaan die implikasie is ek gaan mense moet konfronteer, van tyd tot tyd gaan ek ongewilde boodskappe aan mense moet bring, ek kan nie maar net wegkyk as ander roekeloos lewe nie, ek sal moet standpunt inneem. Dis bitter, maar potensieel kan dit die soet in ander se monde teweeg bring. As ek dit onder die knie het, gaan getuig ek.